

Geloofsvrae: Die Kerk: Die wese van die kerk

**Geloofsvrae: Die Kerk: Die wese van die kerk –
Adrio König**

DIE KERK

Die wese van die kerk

Daar is 'n ongelooflike verskeidenheid perspektiewe op die kerk in die NT. Daarom is 'n indeling onontbeerlik. Omdat daar so 'n unieke band tussen die kerk en Jesus Christus is, gebruik ons dieselfde indeling wat ons in die Christologie gebruik het: van agter, van voor, van bo, van onder.

Die kerk, Israel, en God se skeppingsdoel (ekklesiologie van agter en van voor)

Die kerk pas in in die een groot geskiedenis wat God met die wêreld maak. As die mensdom as geheel nie God se doel vir hulle verwesenlik om in gemeenskap met Hom te leef, en Hom in liefde te dien nie (Gen 1-11), kies Hy vir Abraham om uit hom 'n volk te bou wat Hy so sal sêen as hulle aan Hom getrou is dat die hele wêreld na Jerusalem sal stroom omdat hulle tot die oortuiging kom dat Israel se God die ware God is. Maar as Israel deur volhardende ontrou die verbond met die Here verbreek, kies Hy 'n oorblyfsel om in Israel se plek op te tree. Die oorblyfsel trek uiteindelik in net één Jood saam wat die oorblyfsel, die hele volk, en die hele mensdom verteenwoordig as die één troue bondgenoot van God wat die verbond nie namens Homself nie, maar namens die ganse mensdom vervul: Jesus.

Hy vergader 'n groepie dissipels en vroue om Hom, en na sy opstanding getuig hulle dat Hy die mensdom by God

verteenwoordig het en namens hulle God se skeppingsdoel verwesenlik het, sodat elkeen wat in Hom glo, deel word van die nuwe mensdom in wie God sy doel bereik.

So is die kerk die voortsetting van Israel en die voorlopige vervulling van God se doel met die wêreld. In hierdie sin is die kerk, net soos Christus, die Gees en die heil, voluit eskatologiese werklikhede, deel van die vervulling van God se skeppingsdoel.

Hierdie band, enersyds na agter en andersyds na voor, is beslissend om die kerk te verstaan. Na agter is die kerk 'n voortsetting van Israel. Na voor is die kerk die voorlopige realisering van God se skeppingsdoel.

Die kerk is die voortsetting van Israel. Die kerk is nie die nuwe Israel nie. Daar is nie 'n nuwe Israel nie. Daar is net een volk van God, die volk wat Hy in die OT deur die geloof en die besnydenis (Rom 4:11ev), en in die NT deur die geloof en die doop in die genadeverbond met Abraham inlyf (Gal 3:26-29). Daar is nie 'n ander genadeverbond nie, nie 'n ander manier om in die heil te deel nie, nie 'n ander manier om deel van die nuwe mensdom te wees wat God in Christus skep om sy skeppingdoel te verwesenlik nie. Abraham is die vader van alle gelowiges (Rom 4:16), ook die heidene kry deur Jesus se kruisdood deel aan die beloftes (verbond) met Abraham (Gal 3:14). Al is daar duidelike verskille tussen die Israel van die OT en die kerk, is daar 'n wesenlike eenheid.

Paulus druk dieselfde waarheid uit met behulp van die beeld van die olyfboom: die Ou Testamentiese Godsvolk is die stam van die natuurlike olyfboom. God het die ongelowige Jode wat die Messias verwerp het, afgebreek, en die heidene wat glo, as wilde lote op die natuurlike stam ingeënt (Rom 11:17ev).

Daarom word die wonderlike eienskappe wat in die OT vir Israel gebruik word, in die NT op die kerk toegepas: heiliges, geliefdes, uitverkorenes, die volk van God, die koninklike

priesterdom, die heilige priesterdom, God se eiendomsvolk, hulle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is. Verder word sommige van die sleutelemente van die erediens in die OT op die kerk toegepas: die gelowiges is nou die tempel van God en van die Heilige Gees, hulle moet 'n lewende offer aan God wees, mense wat geestelike offers bring, dié wat die ware besnydenis het (vgl oa 1Kor 1:2 OAV; 1Kor 3:16; 6:19; 1Pet 2:5,9-10; Kol 3:12; Fil 3:3).

Natuurlik is die kerk ook meer as Israel. Die een duidelike voorbeeld is dat die kerk óók die liggaam van Christus is, 'n beeld wat nie in die OT voorkom nie. Dit word in die volgende paragraaf behandel. Maar wat hierdie nuwe beeld vir die kerk nie beteken nie, is dat die kerk heeltemal 'n nuwe werklikheid sou wees en nie die voortsetting van Israel nie, dat die kerk net tydelik op die toneel sou verskyn het totdat Israel weer terug is (in die duisendjarige vrederyk). Ons sou dan nou 'die tyd van die kerk' of 'die tyd van die heidene' hê wat later weer deur die tyd van Israel opgevolg sal word.

Dit is 'n miskenning van een van die rykste tradisies oor die kerk in die NT, die opvallende aansluiting van die kerk by die volk Israel. Dit hou verband met die aansluiting van baie ander sake in die NT by die OT soos die nagmaal by die pasga, en die voortsetting van sake soos die Abrahamverbond in die NT .

Dit was die kerk van agter gesien, as kontinuering van Israel.

Nou die kerk van voor af, as voorlopige gestalte van die skeppingsdoel van God. Christus is self die skeppingsdoel van God. Hy is in een persoon God én mens in volle harmonie. Maar Hy *is* nie net God se skeppingsdoel nie, Hy realiseer ook God se skeppingsdoel *vir ons* (deur vrede te maak, ons met God te versoen, een nuwe mens uit die verskeurde mensdom te skep), *in ons* (deur hierdie vrede deur die Gees in ons lewe in te dra sodat ons daadwerklik in vrede met God en die mense om ons begin leef), en uiteindelik *met ons* (deur die dooies op te

wek, ons te verheerlik, en die aarde nuut te maak as die ewige woonplek van God by sy volk).

Die kerk is dus die een groep mense in wie hierdie doel alreeds gerealiseer is, nie volmaak nie, omdat ons nog so ver onder die maat leef (van ons ou lewe wat beëindig is en ons deelname aan Jesus se opstandingslewe), en so vreeslik terugval in die verlede van ons ou sondige lewe.

Maar juis omdat dit die waarheid is dat ons aan Christus se nuwe lewe deel het, roep die Here ons op om iets van hierdie nuwe lewe te vertoon. Daar is sterk oproepe om soos Christus te leef, en dan is die nadruk op sy nederigheid, sy diensbereidheid, sy onselfsugtigheid, sy lewe-na-onder. Dit lyk van buite gesien na ongelooflik hoë eise, maar as ons onthou dat ons aan sy lewe deel het en dat die Gees sy vrug in ons lewe wil dra wat presies die lewe is wat God van ons vra, dan besef ons 'sy gebooie is nie moeilik om te gehoorsaam nie' (1Joh 5:3). Maar dit beteken wel dat die kerk bedoel is om 'n innige liedesgemeenskap te wees van mense wat die een die ander hoër ag as homself of haarself, wat nie na hul eie belange omsien nie maar na dié van ander, wat mekaar in nood dra, wie se lewens ongelowiges verbaas.

Verder mag dit nooit liefde ten koste van geregtigheid wees nie, omdat God in sy liefde juis alles op aarde wil regmaak. Ons het die opdrag om ons allereers te beywer vir die koninkryk (heerskappy) van God en vir sy geregtigheid (sy wil vir hierdie wêreld, Mat 6:33). As voortsetting van Israel staan ons onder die opdragte van die profete om reg op aarde te doen omdat ons aan God behoort. Waar Christene invloed op die breë samelewing het, het hulle dus die plig om ook op die groot strukture van die samelewing 'n invloed uit te oefen sodat hierdie strukture die maksimum ruimte bied vir geregtigheid. Hierdie invloed op die samelewing moet ook uitloop op 'n uitnodiging aan alle mense om Jesus as Here te kies. Dit bring ons by die sendingtaak van die kerk, sy eintlike taak.

Christus het nie die doel van God net vir *ons* gerealiseer nie, maar vir die wêreld (2Kor 5: 18ev). Daarom wil Hy die doel ook nie net in *ons* realiseer nie, maar in die hele wêreld. Terwyl die kerk die voorlopige gestalte van God se doel is, kan daar in laaste instansie net een rede wees waarom God ons nog op hierdie ou, onvernude aarde laat: om as instrumente van die Gees die res vir Christus te bereik. God het van die begin af die hele wêreld in die oog. Hy is aanvanklik direk by die hele mensdom betrokke (Gen 1-11), daarna kies Hy Israel juis om op 'n nuwe manier alle volke te bereik (Gen 12:2), en uiteindelik stuur Hy sy dissipels die hele wêreld in om al die nasies te bereik (Mat 28:18-20).

Die gelowiges sou in elke opsig beter daaraan toe gewees het as die Here hulle liever weggeneem het van die ou aarde af. Die bejaardes, die jeug, die siekes, die armes sou almal op die nuwe aarde beter versorg kon word. Al wat net hier op die ou sondige aarde gedoen kan word, en nêrens anders nie, is die sending. *Daarom is die sending die sin van die tyd waarin ons leef*, die sg. tussentyd. Sending is meer as net om mense tot bekering te roep, maar dit sluit dit in as een onontbeerlike element.

Sending sluit ons getuienis teenoor die Jode in. Hulle is van die oorspronklike olyfboom afgebreek omdat hulle die Messias verwerp het, terwyl ons, gelowige heidene, daarop ingeënt is (Rom 11:17ev). Maar Paulus sien die eintlike doel van sy hele heidensing om die Jode deur die gelowige heidene jaloers te maak op hulle Messias (Rom 11:13ev). Christene hoef nie die ortodokse Jode van die ware God en die Messias te vertel nie, hulle het dit met moedersmelk ingekry. Maar ons moet hulle deur ons lewe en ons woorde oortuig dat Jesus hul Messias is en dat ons alreeds die seëninge geniet wat hulle toekom. Hierdie bekering van die Jode, waarmee Paulus reeds aktief besig was, is die eindbekering van die hele Israel. Hy sien nie teen 'die einde,' iewers in die verre toekoms, 'n ander bekering van Israel nie, want hy het besef die (enigste!)

einde het met Christus se geboorte en die koms van die Gees aangebreek (61). Daarom is hy self, in sy hele bediening, gerig op hulle eindbeking. `Op hierdie manier' (nie `dan' nie) sal die hele Israel gered word (Rom 11:26). Dit het die implikasie dat die huidige gebeure in die Nabye Ooste nie profesieë is wat in vervulling gaan nie.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die volharding van die heiliges

Geloofsvrae: Die volharding van die heiliges – Adrio König

Die volharding van die heiliges

Die leer dat mense wat gered is, nie weer verlore kan gaan nie (`eenmaal gered, altyd gered'), is al vir eeue lank 'n omstrede saak. Dit hang saam met die ou probleem van die

volgorde in die heilsweg: wedergeboorte – bekering, of bekering – wedergeboorte. Dié wat die klem lê op die inisiatief van God (soos gewoonlik in die Gereformeerde teologie), sal aanvaar dat ons eers weergebore word, en daarmee saam dat 'n kind van God nie weer verlore kan gaan nie. Dié wat nadruk lê op ons verantwoordelikheid (die meeste Evangelicals en die Pinkster-Charismatiese tradisie) sal die teendeel aanvaar: ons moet eers tot bekering kom voor die Here ons red, en ons kan weer van Hom afdwaal en verlore gaan.

In 'n vorige gedeelte het ons gesien ons kan nie die verskillende fasette van die heilsweg in 'n bepaalde volgorde na mekaar plaas nie. Maar dit los nie die probleem op of 'n gelowige weer verlore kan gaan nie. Tradisioneel word gepraat van die volharding van die 'heiliges' omdat gelowiges in die NT 'heiliges' genoem word.

Daar is twee probleme met die Gereformeerde standpunt. Die een is dat dit maklik kan lei tot selftevreedenheid en passiwiteit by gelowiges as hulle eenvoudig aanvaar dat hulle saligheid nooit weer in gevaar kan kom nie, en die ander een is dat daar sterk waarskuwings in die NT is wat skynbaar impliseer dat kinders van God weer verlore kan gaan.

Die eerste probleem hang saam met 'n bepaalde interpretasie van die uitverkiesingsleer: as ek uitverkies is, sal ek in elk geval tot geloof kom en nooit verlore gaan nie, want dit sou God se ewige besluite in gedrang bring. Gereformeerdes het altyd ontken dat dit 'n gepaste reaksie is op die gedagte van God se inisiatief, en op baie maniere probeer aantoon dat hierdie gedagte misverstaan word as dit daartoe lei dat die ywer van gelowiges gedemp word. Een poging is om te sê dat die ware geloof altyd vrugte sal voortbring en nie sonder goeie werke *kan* wees nie.

Daar is verder die dringende waarskuwings dat die kinders van God moet volhard, en die implikasie is skynbaar dat hulle anders weer verlore sal gaan (Mat 24:13; Kol 1:23; Heb

10:26ev). Maar daarteenoor staan die krag van die volhardingsleer wat roem in die trou van God (Joh 10:28-29).

Waarskynlik is dit die beste om te onthou dat ons ons nie in ongehoorsaamheid op die beloftes van God kan beroep nie. Net so min as wat 'n gedoopte persoon in ongehoorsaamheid kan leef en hom of haar dan op die doop beroep as versekering van redding, kan iemand weier om na die vermaninge van die Here te luister maar dan aanspraak maak op die volharding van die heiliges. Dit is alleen in gehoorsame afhanklikheid van God wat ons ons op sy beloftes kan beroep, maar dan kan ons ook werklik weet dat ons veilig in sy hande is.

Daarom moet ons die oproepe tot volharding ernstig neem en nie die genade van God as iets vanselfsprekends beskou nie. Maar as ons geloof swak is, hoef ons nie aan die genade van God te twyfel nie.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die Nagmaal

Geloofsvrae: Die Nagmaal – Adrio König

Die nagmaal

Ons het die doop behandel onder die eerste fase van die heilsweg: die *inlywing* in die heil. Die nagmaal hoort tuis onder die tweede fase: die *voortgang* op die heilsweg, die lewe in die heil. Daarom word ons ook net een keer gedoop, maar ons gebruik gereeld nagmaal. Die nagmaal is deel van die kos wat ons op die pad nodig het. Daarom eet en drink ons tydens die nagmaal.

Dit word nog verder beklemtoon deur die feit dat ons brood en wyn gebruik. Dit was die gewone kos van elke dag. Daar is mense wat 'n besondere waarde daaraan heg dat dit juis brood en wyn *moet* wees waarmee ons die nagmaal vier. Hulle sien dan in die brood 'n beeld van die gebroke liggaam van Christus (koring wat fyn gemaal is) en in die wyn druiwekorrels wat stukkend gedruk is, wat die lyding van Christus simboliseer. Dit is inderdaad mooi simboliek waarmee niks verkeerd kan wees nie, al kry ons dit nie só in die Bybel nie.

Daarom moet ons nie die simboliek dwingend maak in die sin dat ons net brood en wyn mag gebruik, en brood en wyn op dié wyse weer iets buitengewoons word en nie meer 'n doodgewone maaltyd is nie. Trouens vir die meeste van ons is brood en wyn nie 'n gewone maaltyd nie, en daarom sal daar niks mee verkeerd wees om dit wat ons gewoonlik eet te gebruik as ons nagmaal vier nie. Die nagmaal is 'n versterking op die pad wat ons elke dag saam met die Here loop. Om dit te beklemtoon, moet die elemente deel van ons gewone daaglikse kos wees.

Wat die nagmaal wel 'n buitengewone ervaring in ons gewone lewe maak, is die feit dat dit 'n *fees* is. Ons vier nagmaal. By 'n fees pas vreugde en opwinding. Maar dis 'n fees met

gewone kos! Dit beteken dat ons gewone lewe 'n fees kan, mag, moet wees! Daarvoor het ons genoeg rede: Jesus se offer in ons plek, vir al ons sonde! Sy opstandingslewe waaraan ons mag deelneem! Ons is versoen, vergewe, verlos, vry.

Terloops, die nagmaal kom nie tot sy reg in 'n gemeente van honderde lidmate nie. Sowel die feeskarakter as die noue onderlinge gemeenskap van die gesamentlike maaltyd gaan grootliks verlore. Eintlik sal nagmaal én doop beter in kleiner groepe binne die groot gemeente tot hul reg kom. Dit sal dit ook veel meer deel van ons gewone lewe maak.

Wat ons tydens die nagmaal met ons mond eet, is nie so belangrik nie, solank dit gewone kos is. Wat ons met ons *geloof* eet, is wat tel. Ons eet die liggaam en bloed van Jesus. Hy beklemtoon dit self ook dikwels: 'Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe' (Joh 6:54). Die vroeë Christene was selfs beskuldig dat hulle mensvreterers is omdat hulle iemand eet. 'n Mens hoef dit nie net af te maak as 'n belaglike misvatting nie. 'n Mens kan dit ook interpreteer as 'n merkwaardige insig in die evangelie! Wat sê Jesus anders? Al verskil tussen Christene en kannibale, is dat kannibale 'n mens met hul gewone mond eet, terwyl Christene vir Christus met die mond van hulle siel, die geloof eet (Nederlandse Geloofsbelydenis 35).

Dit beteken dat, net soos by die doop, (die sewende punt onder die samevattende betekenis) dit heeltemal te min is om van die nagmaal net as 'n teken of simbool of belofte te praat. Daar gebeur iets in die nagmaal, dit verwys nie net na iets wat elders en op 'n ander tyd gebeur het nie. Natuurlik verwys dit na die dood van Jesus. Trouens ons verkondig sy dood as ons nagmaal vier (1Kor 11:26). Die nagmaal verwys dus inderdaad na sy kruisdood. Sonder sy kruis sou daar geen nagmaal gewees het nie. Maar in die nagmaal vier ons nie net sy dood van eeue gelede nie, maar ons het *met Hom gemeenskap*. Sy liggaam en bloed wat ons deur die geloof eet, is nie iets los van Hom nie, dit is 'n Joodse manier om na *Homself* te verwys. Ons eet

Hom in die nagmaal, net soos ons in die doop verenig word met sy kruis en opstanding sodat ons self vir die sonde gekruisig is en aan sy opstandingslewe deel het. In die nagmaal leef ons nou sy lewe saam met Hom.

Die kruis is die eerste en enigste voorbeeld in die Bybel waar die priester nie net 'n offer bring nie, maar self die offer is. En die nagmaal is die enigste ete in die Bybel waar die gasheer nie net 'n maaltyd aan die gaste voorsit nie, maar self die maaltyd is. Dit is wat tel. Ons eet Hom, dit beteken ons vereenselwig ons volkome met Hom in die nagmaal. Soos kos in 'n mens ingaan, deur jou liggaam opgeneem en deel van jou word, so kom Christus in die nagmaal in ons in, word deel van ons, en bly in ons. `Wie in My bly, en *Ek in hom ...*' (Joh 15:5).

Kindermagmaal volg vanself uit kinderdoop. As ons glo dat ons kinders van gelowige ouers deur die doop amptelik in die verbond moet opneem, moet ons hulle ook tot die verbondsmaaltyd toegang gee. As ons glo dat die nagmaal gegee is om ons swak geloof te versterk (Heidelbergse Kategismus Sondag 25), dan tog seker ook kinders se geloof wat waarskynlik nog swakker is as volwasse Christene s'n. Enige ekstra voorwaardes wat nie ook aan ander lidmate gestel word nie verloën ons belydenis dat die kinderdoop 'n wettige vorm van doop is. Die doop gee toegang tot die nagmaal of dit is nie die doop van die NT nie. Die kind behoort vandat hy of sy gedoop is, volle toegang tot die nagmaal te hê presies soos die lidmate wat reeds belydenis van geloof afgelê het. Natuurlik moet hulle ook net soos al die ander lidmate aan die tug onderworpe wees.

Om 1Kor 11:27ev op klein kindertjies van toepassing te maak, is nie verantwoord nie, net so min as 2Tes 3:10.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike

geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die Heiliging van Strukture

Geloofsvrae: Die Heiliging van Strukture – Adrio König

Die heiliging van strukture

Strukture is die gebruike, stelsels en sisteme waarvolgens 'n samelewing werk. Die begrip 'strukture' is 'n breë begrip wat baie vorme insluit. Daar is fisiese strukture (berge, riviere), biologiese strukture (bome), politieke strukture (die struktuur waarvolgens 'n land regeer word en funksioneer), sosiale strukture (die vorme waarin mense se lewe georganiseer word soos die skool, die huwelik), ekonomiese stukture (vryemarkstelsel of sosialisme), en baie ander.

Net soos daar verskille is oor die vraag of strukture sondig kan wees, verskil mense oor die vraag of strukture geheilig

kan word. Daar is die standpunt dat sonde en heiliging net op persone van toepassing is.

Ons moet egter aanvaar dat God nie net in individue belangstel nie, maar dat sy werk ook die breë samelewing en die wêreld as geheel insluit. Sonde tas nie net die persoon aan nie, dit raak ook in strukture gevestig, heil is nie net individuele heil nie, maar 'n heel samelewing, God stel nie net in ons siel belang nie, maar in die mens as geheel, regverdiging is nie net persoonlike vryspraak nie, maar ook 'n regverdige samelewing, en weergeboorte sluit die weergeboorte van die aarde. Daarom moet die heiliging ook in strukture ingedra word.

Daar is veral drie beskouings oor God se betrokkenheid by strukture: die dualisme wat die werklikheid in twee verdeel: die geestelike dinge (ons persoonlike en kerklike lewe wat ons volgens die Woord van die Here moet inrig), en die 'wêreld' (die breë samelewing) wat óf aan die 'wêreldse' mense oorgelaat word (die Piëtisme), óf wat ons volgens ons gesonde verstand moet hanteer (die Lutherse tweerykeleer). Daar is 'n ander gedagte wat hier tuishoort, en dit dat strukture en selfs net intermenslike verhoudings vanself sal regkom as mense se verhouding met God in orde kom, maar dit hou nie rekening met die talle vermaninge wat die apostels in die briewe aan gelowiges rig oor menseverhoudings nie. Ons kry dit ongelukkig reg om teoreties die regte dinge te glo, maar in onreg te leef. En verder is strukture ongelooflik sterk en kan hulle ons goeie gesindheid baie effektief weerstaan.

Daar is die tweede oortuiging, dié van die skeppingsordeninge. God het by die skepping sekere dinge op 'n bepaalde manier georden of vasgelê, of aan sekere dinge 'n vaste struktuur (patroon) gegee, en ons taak is om die ordeninge of strukture in takt te hou en dit net te herstel as die sonde dit aangetas het. Ons het dus 'n vaste orde op aarde, en ons moet sorg dat dit bly soos dit geskep is. Van tyd tot tyd verander die voorbeelde wat mense noem. In die Middeleeue was dit die

monargie en die adelstand teenoor die burgerstand; later was dit slawerny, nog later aparte volke of rasse. Dit is almal kwalike voorbeelde, en waarskynlik is die huwelik die enigste goeie voorbeeld.

Die probleem met die basiese lewenshouding wat uit hierdie beskouing voortvloei, is dat alles moet bly soos dit altyd was, dat daar 'n goeie ou tyd was waarna 'n mens altyd terugverlang. Die sterk toekomsgerigtheid van baie tradisies in die Bybel kom glad nie hierin tot sy reg nie. In die Bybel gaan dit eerder om die nuwe as om die oue.

Daarom is dit beter om te kies vir die derde oortuiging, die ou Gereformeerde beginsel dat Christus die Heer oor die totale werklikheid is, en dat ons die totale samelewing volgens sy wil moet inrig. Hy is nie net hoof van sy kerk nie maar ook van die wêreld (Ef 1:22). Ons taak is om die wêreld te oortuig om sy heerskappy te erken en aan Hom gehoorsaam te wees. Omdat alle strukture deur mense gevorm en/of vervorm is, is alle strukture onderhewig aan die werking van die (ons!) sonde, en moet hulle hervorm of totaal verander word in ooreenstemming met die wil van God. Sekere strukture is so deur en deur sondig dat hulle nie hervorm kan word nie, soos slawerny en apartheid. Ander is net deur die sonde verwing en kan hervorm word soos die huwelik wat vervorm is tot poligamie en hervorm moet word na monogamie, en die kerk wat deur ons sonde verskeur is en herenig moet word.

Die invloed van die evangelie op strukture is uiters belangrik. Dit is van die sterkste getuienisse van die krag van die evangelie. Daar is duidelik aanwysbare invloede in sekere kulture en tye. Die ontgoddeliking van die staatsgesag en die sorg vir siekes en gestremdes in die Europese kultuur, is vroeë getuienisse van die invloed van die evangelie op strukture. Latere invloede is die afskaffing van slawerny, die regte van die individu, die gelyke behandeling van alle mense, die beheersing en kultivering van die natuur, en die algemene vermensliking van die samelewing. Die val van die kommunisme

word dikwels ook aan Christelike invloed toegeskryf.

Daar is egter telkens ook skokkende getuienisse van ons vermoë om terug te ploeter in die sonde. Dit is ongelukkig nie net waar van individue nie, maar ook van samelewings wat eeue onder invloed van die evangelie ontwikkel het. Dink maar aan die twee wêreldoorloë tussen `Christelike' volke, aan die uitwissing van 6 miljoen Jode deur die Duitsers, aan apartheid deur 'n regering wat hom op sy Christelikheid beroem het, en aan die sedelike verval in die Europese en Amerikaanse samelewings.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)